UIT DIE BRIEWE VAN

# SIR ARNOLD THEILER

*„As ek eenmaal 'n Afrikaner geword het, sal ek gestaag so baie ondervinding opgedoen het, dat ek in staat sal wees om 'n veeartsenykundige ontdekkingsverhaal te kan skryf . . ."*

ARNOLD THEILER, later sir Arnold Theiler, die man wat die fondamente gelê het vir die veeartsenykunde in Transvaal, die stigter van die wêreldberoemde inrigting van Onderstepoort, het as 'n onbekende Switserse veearts in 1891 na Transvaal emigreer. Hy was 'n ywerige briefskrywer; sy ouers en familie in Switserland is voortdurend op die hoogte gehou van sy wedervaringe in die nuwe land. Sy briewe, waarin deur prof. Henning goedgunstiglik 'n insae verleen is vir die gebruik van hierdie reeks, toon ons die karakter van 'n man wat met besondere vasthoudendheid en deursettingsvermoë, gepaard met 'n weergalose werkywer, bykans onoorkomelike moeilikhede oorwin het en 'n sukses van sy lewe soos weinig ander gemaak het. Aan Suid-Afrika het hy onskatbare dienste verleen en die meeste van sy arbeid is in en om Pretoria gelewer.

Gebore in die dorpie Frick in Switserland op 6 Maart 1867, het Arnold Theiler eers die gewone skoolopleiding geniet en hom daarna in Bern en tenslotte in Zurich tot veearts bekwaam. Sy vader was 'n onderwyser en 'n belangstellende botanikus van wie Theiler veral sy liefde vir plante en diere gekry het. Na sy opleiding in 1889 voltooi is, het hy eers 'n proeftydperk as assistentveearts deurgemaak en toe 'n privaat praktyk begin. Die vooruitsigte was egter nie rooskleurig nie en hy het na iets anders begin uitsien. Van kleinsaf was daar ook by hom 'n begeerte om die wye wêreld buite die klein Switserland te sien.

Sy kans kom in 1891 toe die Switserse konsul in Pretoria, Constançon, by die emigrasie-departement in Switserland navraag doen na 'n jong veearts wie se vooruitsigte in Transvaal goed behoort te wees vanweë die veelvuldige veesiektes in hierdie land. 'n Vriend wat eers genader is, bedank en vra Theiler of hy wil gaan. Hy gryp die geleentheid aan. Geld vir die reis het hy nie gehad nie. Sy ouers kon hom ook nie help nie. Sy verloofde, wat hom later na Suid-Afrika sou volg, skiet hom egter die nodige geld voor.

Sy eerste brief gee 'n beskrywing van die reis, eers na Engeland en vandaar per Castle-boot na die Kaap, derde klas. Hy probeer so veel moontlik oefening in die Engelse taal kry maar reis ongelukkig saam met 'n groep Italiaanse emigrante. Origens studeer hy aanhoudend en is vervul met 'n vae verlange na sy ouerhuis. „Ek dink dikwels aan julle. En as die son in die oggend opkom, beskou ek dit as groete van my vaderland . . .



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



*Dr. Arnold Theiler, Staatsveearts in diens van die S.A. Republiek.*

Met elke myl wat die skip aflê, neem my vertroue in 'n goeie toekoms toe. God help die moedige dus voorwaarts." Van 'n Afrikaner aan boord verneem hy dat daar wel veeartse in Johannesburg is maar aangesien hulle nie goed opgelei is nie, kan hy hom gerus ook daar vestig. Dit laat hom ewewel twyfel of hy in hierdie stad moet gaan woon.

Op 7 Maart 1891 land hy in Kaapstad en kom tot die ontnugtering dat sy groot koffer met instrumente en veeartsenybenodighede in Engeland agtergebly het. „Dit was 'n baie onaangename ondervinding en maak my wanhopig. Ek sal darem nie moed verloor nie."

Die volgende brief is vanuit Johannesburg, gedateer 17 Maart 1891. Die treinreis van Kaapstad tot Vryburg, die eindpunt van die spoor, het van Sondag tot Dinsdagaand geduur. Hy het derde klas gereis, hoewel dit indruis teen die gewoonte, „. . . want ek wou spaarsaam wees." Die




Digitised by the University of Pretoria, Library Services

reiskaartjie het £3/4/6 gekos. Vanaf Vryburg na Johannesburg het die reis per poskoets gegaan; nog drie dae en nog £5. „Op 'n taamlike afstand kon ons al die sinkdakke en blik geboue sien. Ook die myne kon ons herken deur die rook wat daar opstyg. Ons het op 'n baie ongelyke pad gereis en selfs in die nabyheid van die stad is daar nie eers goeie paaie nie."

Hy kry by 'n Switser onderdak en besoek meer landgenote. Steeds is sy vraag of hy as veearts 'n bestaan sal kan maak. Die antwoord is dat hy wel sal slaag, indien nie as veearts nie dan tog as iets anders. „Die mense vra hier nie eintlik na mens se beroep nie. Elkeen doen wat hom die meeste geld inbring. Ek is seker dat hier werk vir my is want by die ingang van die stad het ek 'n groot baan vir perdewedrenne gesien."

In die stad merk hy baie huurrytuie op wat deur twee perde getrek word, pragtige perde. „Op ons aspirante-skool het ons nie eers sulke perde gesien nie. Baie mense ry te perd, en 'n mens moet baie oppas om nie



*Die personeel van die „Bezirkschule" in Frick, Switserland ongeveer* 1878. *Staande van links na regs: Rüetschi, Rüetschi, Rüetschi en Gut. Sittende van links na regs: Reinle, Theiler (die skoolhoof en vader van dr. Arnold Theiler) en Heer.*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

onderstebo gery te word nie. Daar is ook 'n trem met 70 perde, berede polisie, poskoetsperde en sirkusperde. My herbergier . . . reken dat daar 5,000 perde moet wees sonder om melding te maak van al die muile."

Na 'n week of wat in Johannesburg is Theiler na Pretoria waar die Switserse konsul aldaar hom aan die geldmagnaat Nellmapius voorgestel het. Nellmapius het hom 'n betrekking op sy plaas Irene aangebied en dis van hier dat hy op 31 Maart sy volgende brief skryf. „My werk is opsig hou oor perde, muile, koeie en kalwers, oor hulle voer, en beheer oor die bediendes wat na hulle kyk." Dis nie moeilike werk nie maar hy sukkel om hom verstaanbaar te maak teenoor blankes, naturelle en kleurlinge wat daar in diens is.

„As veearts het ek in hierdie paar dae meer gesien as in een maand in my praktyk in Munster." Aan siek diere is daar geen gebrek nie. Veral perdesiekte geniet sy aandag. „Sulke gevalle is daar op die oomblik volop, met die gevolg dat perde teen skandalige pryse verkoop word. Ook hierdie siekte sal my geleentheid tot studie gee."

Sy salaris is £10 per maand, waarvan £4 tot £5 vir losies afgestaan moet



*Emma Jegge (heel regs in voorste ry), die verloofde en latere eggenote van Dr. Arnold Theiler. Hier afgeneem op 18-jare leeftyd in Baden.*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

word. „Hierdie salaris is nie genoeg vir 'n afgestudeerde veearts nie, maar hoeveel is daar in Switserland wat bly sal wees om soveel te kry? Ek is vir die begin tevrede en hoop om na ses maande soveel geld gespaar te hê dat ek 'n praktyk kan begin."

Die konsul het hom aangeraai om eers ses maande op 'n plaas te werk om vertroud te raak met die taal en toestande in die algemeen. Dan 'n praktyk. Die pasgestigte Landbougenootskap sal hom waarskynlik 'n sekere maandelikse bedrag waarborg as hy aan hulle dienste lewer en behulpsaam is met die oprigting van 'n landboutydskrif. Later kan miskien 'n staatsbetrekking volg.

„Daar bestaan ook 'n moontlikheid om as veearts na die perde van die Artillerie te kyk. Werk sal nie ontbreek nie . . . Ek hoop om in enkele jare soveel te verdien dat ek my geliefde ouers, broers en susters kan vergoed vir wat hulle vir my gedoen het. Ek kan ook 'n naam maak. Ywer en volharding sal my nie ontbreek nie."

Sy indruk van Pretoria is dat dit eerder 'n groot dorp as 'n stad genoem kan word. „Die meeste huise is soos villas gebou en lê verskuil agter groen bome sodat die plek na 'n park lyk. Van ver af gesien lyk dit mooi. Besonder mooi is die groot treurwilgers. Groot geboue is die parlementsgebou wat eersdaags voltooi sal word en etlike privaat geboue. Die lewe is andersins net soos in Johannesburg. Ek het hier ook twee Switsers ontmoet. Hulle is dit almal eens dat die gebraaide duiwe ook hier nie somar in 'n man se mond invlieg nie; maar dat met die nodige sorg hier in tien jaar soveel verdien kan word soos by die huis in dertig. My hele doel is om uiteindelik weer na die dierbare vaderland terug te keer en my broers en susters behulpsaam te wees om aangename betrekkings te kry."

Die volgende brief is vol heimwee. „Daar is bepaald oomblikke in my daelikse lewe wanneer ek meer aan julle en die vaderland dink as aan al die ander dinge. Hierdie gevoel keer weer wanneer ek niks te doen het nie en wanneer dit Sondag is. Dan wens ek dat ek by die huis kan wees en vertel wat ek alles gesien het . . . Dit is 'n gevoel van 'n leemte wat ek het. Maar dan kom weer 'n gevoel van kalmte en innerlike berusting."

Besondere belangstelling het hy vir veesiektes, veral vir perdesiekte wat hierdie jaar besonder straf was. „Die manier waarop diere hier behandel word wanneer hulle perdesiekte het, is onsin. Dit gebeur dikwels dat wanneer 'n dier nie aan die siekte ten gronde gaan nie, hy as gevolg van die behandeling vrek.

Dikwels moet ek 'n hele nag by siek diere waak, maar dit moet 'n perd wees en nogal 'n lieflingsperd voor hierdie moeite gedoen word, omdat 'n muil aan sy lot oorgelaat word as hy sy medisyne gekry het . . . Dit is vir my maklik om aan te pas en ek het geen klagtes nie. Ek het nie gekom om ander te leer nie maar om self te leer. Daarom doen ek alles soos dit aan my voorgeskryf word, al handel ek ook dikwels teen my



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

beterwete. Ek sal later heeltemal ander maniere van behandeling toepas en sal geen ywer of moeite ontsien om sukses te behaal nie."

Op alle gevrekte diere doen hy post mortem-ondersoek en het toe al 'n vermoede gehad oor die aard van die siekte. „Ek vorder vinnig met Engels . . . Hollands leer ek heeltemal terloops . . . Stadigaan leer ek ook die taal van die kaffers."

Die volgende maand vertel hy van die eerste landbouskou in Pretoria, op 13 Mei 1891, wat hy besoek het. Daar was wel min vee maar die gehalte was goed. Nellmapius het vyftien pryse verower. Hy het op alle gebiede uitgestaan.

Op 3 Junie skryf hy opgetoë dat die helfte van sy tyd op die plaas al byna verbly is en dat die ondervinding wat hy daar opdoen hom seker eendag goed te pas sal kom. „Na enkele jare, as ek eenmaal 'n Afrikaner geword het, sal ek gestaag so baie ondervinding opgedoen het, dat ek in staat sal wees om 'n veeartsenykundige ontdekkingsverhaal te kan skryf."



*Mev. Emma Theiler (regs op foto) afgeneem saam met 'n vriendin, mev. Le Febre, by wie sy en dr. Theiler in Sunnyside (Trevenna) ingewoon het kort na hulle huwelik en vestiging in Pretoria. Heel regs staan dr. Gertrud Theiler, verbonde aan Onderstepoort, dan volg die oudste seun van die Theilers (tans oorlede), en voor langs sy ma staan dr. Max Theiler, verbonde aan die „Rockefeller Institute" in Amerika. Heel links staan 'n ouer suster van dr. Getrud Theiler.*




Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Na aanleiding van die jubileum-viering van sy vader se skool skryf hy: „As u oudleerlinge u bedank, moet u onthou dat die dankbaarste van almal baie ver is. As een vra waarom ek weggegaan het, sê hom dat ek vertrek het omdat ek die stem van die hart gevolg het om 'n man te word op wie die ouers en broers en susters trots sal wees. Die begin is wel swaar maar ek streef my doel nog altyd met vreugde na." Besonder uitvoerig skryf hy van sy ondersoek na dieresiektes.

Die volgende brief skryf hy meer as 'n maand later, op 24 Julie. Intussen het hy 'n tragiese ongeluk gehad deur sy een arm in 'n voer-snymasjien te verloor. Hy het dit egter aan sy ouers verswyg. Eers twee jaar later het sy vader daarvan gehoor en eers in 1899 sy moeder en die res van die familie. Dit was vir hom 'n krisistyd. Die verlies van die een arm het hom ontsettend gehinder in die uitoefening van sy pligte; tog het hy met taaie volharding sy ongeluk te bowe gekom.

In September verhuis hy na Pretoria waar hy 'n praktyk open. Hy is voorlopig in die Grand Hotel International woonagtig „waar ek vir huisvesting, kantoor en stal £12 per maand moet betaal." Hoopvol voeg hy daarby: „As ek eenmaal goed bekend is, sal die koste nie te hoog wees nie, omdat ek vir elke besoek 12/- vra."

Baie hoopvol is sy volgende brief. „Ek het al in die eerste week soveel



*Dr. Arnold Theiler in sy laboratorium.*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

verdien as by die huis in twee maande. Ek verwag dus baie van die toekoms."

Hy is van tyd tot tyd voornemens om studies te skryf oor die gevalle wat hy teenkom. „My studie oor perdesiekte sal ek in Engels en in Hollands publiseer en dit sal as 'n reklame vir my dien om 'n regeringsbetrekking te kry. („Ik heb mijne ervaringen op het gebied der paardenziekte, rooiwater, sponsziekte e.a. inheemsche ziekten onder de huisdieren in deze landen in Europeesche wetenschappelijke tijdschriften neergelegd, welke door de wetenschappelijke critiek gunstig zijn opgenomen geworden." Theiler aan T. J. Krogh, Onder-Staatsekretaris, Sept. 1897; R.7447/94.—Red.). Daar is reeds finansiële ondersteuning aan my toegesê om 'n stelsel van inenting teen perdesiekte uit te werk. Ek neem lesse in Hollands omdat ek dit moet ken as ek 'n staatsbetrekking wil bekleë. Hier is talekennis baie belangrik. Dikwels gebeur dit dat ek in een van vyf verskillende tale moet praat: Duits, Frans, Engels, Hollands en Kaffertaal."

Met vaste vertroue gaan hy die nuwe jaar 1892 in. Sy praktyk neem toe. Hy kry gemiddeld tien besoeke per dag en moet soms plase tot tien myl van die dorp af besoek. Om geld binne te kry is egter nie so maklik nie. „As die mense my al die geld betaal wat hulle my skuld en wat ek waarskynlik gaan verloor, kan ek my ouers lankal gehelp het," skryf hy op 18 Maart 1892.


Later besluit hy om ook 'n smidswinkel te open waar perde beslaan kan word. „Die Engelsman kan hom geen veearts voorstel wat nie so 'n winkel het nie . . . Twee maande gelede het ek aansoek gedoen om die betrekking van veearts in die Artilleriekamp. Die generaal het my verhandeling oor perdesiekte gelees, en die Kaptein, wat vroeër politegnikus in Zurich was, is baie te gunste van my. Hy het my egter aangeraai om Christelike geduld te beoefen omdat hier alles baie stadig gaan, omdat generaal Joubert soos alle boere die veearts nie eintlik goedgesind is nie . . ." Die kaptein waarvan hierbo sprake was, is kaptein Zborl, Oostenryker van geboorte.

In Junie belowe hy sy vader 'n stuk goudkwarts vir sy versameling sodra die spoorlyn van Pretoria na Johannesburg in Oktober geopen is en daar 'n pakketposdiens na Europa ingestel sal word. Verder vra hy 'n handboek oor byeboerdery en deel mee dat hy 'n lang artikel oor veeteelt skrywe.

Teen Augustus wag hy nog steeds op antwoord van die regering. Daar het intussen 'n pokke-epidemie in Swaziland uitgebreek en toe het hy die regering aangebied om entstof te lewer indien nodig. Die opening van die smidswinkel word tot tyd en wyl uitgestel. „Ek kan met absolute sekerheid sê," lui dit in 'n brief van 'n maand later, „dat ek hier eenmaal 'n staatsbetrekking sal beklee. Ek moet net oppas dat ek die geleentheid nie misloop nie. Dit is makliker om granietrotse te breek as die skedels van die Boere; hulle is so hardkoppig . . ."



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



*Dr. Arnold Theiler op 60-jarige leeftyd.*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Hy kom weer op die onderwerp van die Artilleriekamp terug waar sy aansoek om as veearts aangestel te word nog steeds nie geslaag het nie. Dit ten spyte van die feit dat hy wel in privaat hoedanigheid daar werksaam is. Hy het onder andere die perd van die Kommandant, Henning Pretorius, self behandel. Hy sal nou weer aansoek doen en weer 'n onderhoud hê met kommandant-generaal Joubert. Interessant is sy verwagting dat hy in 1893 met die presidentsverkiesing wel sou slaag. „Daar word van die volgende moontlikhede gepraat — of genl. Joubert word president of Pretorius kommandant-generaal — en dan is my aanstelling seker — of Kruger bly president wat die gevolg sal hê dat Joubert sal bedank." Hy is nog vol vertroue dat hy eindelik staatsveearts sal word. „Net geduld! My onderneming sal beloon word. Ek moet egter nog vir 'n paar duisend frank instrumente aanskaf, wat ek uit Europa moet laat kom of hier laat maak. Ek wil bewys dat ek werklik in belang van die land werk. Gedurende hierdie week het die reëntyd aangebreek. Dit is ongelooflik wat so 'n reën hier kan bereik. Die donker kleur van die veld het verdwyn en 'n pragtige groen verbly die mens se oog en die leë maag van elke trek-os."

Iets van sy lewensbeskouing vind ons in 'n brief van November 1892; „Geluk noem ek nie rykdom nie maar tevredenheid. Ek wil graag ook ryk word maar net om ander mense in die toestand te plaas waarin ek my bevind. 'n Man moet in die wêreld uitgaan om sy uitkyk op die lewe te vergroot."

Die eerste maande wag hy nog tevergeefs op 'n betrekking. Hy stuur aan sy vader 'n aantal „natuurmonsters", o.a. 'n likkewaanvel, die kop van 'n rietbok, die horings van 'n springbok, die skedel van 'n kaffer, kaffer-armbande, 'n kissie skoenlappers, 'n blik vol kewers, sprinkane, hottenstotgode, spinnekoppe, rysmiere, ens.

In Mei het sy verloofde Emma Jegge na Suid-Afrika uitgekom na sy 'n tydlank in Engeland gewerk het om Engels magtig te word. Ook van haar briewe aan sy ouers is aanwesig. In Oktober 1893 is hulle getroud. Voor die tyd het hy na Johannesburg verhuis waar hy bestuurder van 'n sogenaamde limphplaas geword het waar entstof teen pokke vervaardig is. (In Sept. 1897 verwys Theiler na sy „vroegere aanstelling en werkzaamheid als leider van het in 1893 te Johannesburg tijdelijk opgerichte instituut voor de bereiding van koepokstof." — R.7447/94 — Red.). Eers was dit binne die stad maar later is dit verplaas na Braamfontein. Die ligging is volgens hom baie mooi met 'n pragtige uitsig oor Johannesburg. Daar is 'n nuwe huis vir die inrigting gebou en alles is goed ingerig. Hy het 'n kamer vir homself gehad maar na sy troue moes hy 'n woning in die nabyheid teen £8 per maand huur. Hy het toe daaraan gedink om 'n stukkie grond te koop en 'n huis te laat bou. „Vir ongeveer £200—£250 kan mens 'n mooi huis bou."

(*Word Vervolg*)

— F. J. DU T. SPIES.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services